September 2025

Geagte Meneer Mevrou

**KÿTO KAROOFEES: 26 - 28 FEB 2026**

Hoërskool De Aar is geleë in die hartjie van die Groot-Karoo in die Noord-Kaap. Die skool is 'n waardegedrewe skool wat op alle gebiede puik presteer en is jaarliks onder die top 10 beste skole in die Noord-Kaap! Om deel van dié topspan te bly, is Hoërskool De Aar verplig om hul eie fondse te in en daarom speel die Karoofees hier 'n groot rol.

Danksy ruimhartige borgskappe van die gemeenskap vir die KÿTO Karoofees van 2025, kon ons 'n **rekord** wins maak. Ons is dus baie dankbaar vir die bydraes; gevolglik voel ons dat ons die vrymoedigheid kan neem om u te nader vir borgskappe. **'n Belegging in HSDA is uiteindelik 'n belegging in die voortbestaan van De Aar en dus ook weer in u eie besigheid.**

Hoërskool De Aar is 'n multikulturele skool wat die bevolkingsamestelling van De Aar weerspieël. Vir die boekjaar 1 Januarie 2025 tot 31 Desember 2025 kry die skool 'n skamele R129 472 in totaal van die Noord-Kaap Onderwysdepartement uit 'n totale begroting vir die skool van R8 784 404. Vir die boekjaar 1 Januarie 2024 tot 31 Desember 2024 is R1 239 407, soos geoudit, as oninbaar afgeskryf. Die skool moet, volgens wet, verpligte skoolfondsvrystellings toestaan. Vir die finansiële jaar 1 Jan 2024 tot 31 Desember 2024 het hierdie bedrag, soos geoudit, R982 639 beloop.

Hoërskool De Aar is 'n integrale deel van die Emthanjeni Munisipaliteit, asook die Pixley ka Seme Distriksmunisipaliteit. Ons wil, soos met die afgelope agtien Karoofeeste, poog om 'n ekonomiese inspuiting vir die hele Emthanjeni Munisipaliteit teweeg te bring en daarom is daar besluit om die **Kÿto Karoofees** weer volgende jaar vanaf **26 - 28 Feb 2026** te hou.

Hoërskool De Aar Ouertrust inisieer weer die Fees vir die hele gemeenskap. Die fondse word aangewend vir die ontwikkeling van akademiese-, sport- en kultuurfasiliteite vir al die leerders van dié multikulturele skool. Die ouerkorps, en die breë gemeenskap, sal weer by die aanbieding van die Karoofees betrek word. Gedurende die beplanning en uitvoering van die Karoofees, sal daar noodwendig noodsaaklike werksgeleenthede geskep word.

Die feesorganiseerders was reeds in verbinding met die onderskeie burgemeesters van De Aar en beide erken ook die belangrikheid van die fees as 'n ekonomiese inspuiting vir die hele gemeenskap. Die burgemeesters het ook onderneem om die Feeskomitee behulpsaam te wees waar hulle kan, en dat die fees ook hulle goedkeuring wegdra.

Ons het reeds, met die wins uit vorige feeste, die aanlê van 'n hokkie- en rugbyveld op die skoolterrein afgehandel, nuwe busse is aangekoop, 800m palissade geborg, 'n goeie tweedehandse bussie aangekoop, dataprojektors in elke klas geïnstalleer, die herstel van ses netbal- en tennisbane voltooi, nuwe gordyne vir die Boet Troskie Saal aangekoop, R280 000 bygedra vir die herstelwerk van die skoolgebou buite, kameras deur die hele skool en terrein geïnstalleer, WiFi deur die hele skool en die aankoop van 22 rekenaars vir die uitbreiding van die leesprogram, "Readers-are-leaders", vir elke leerder van graad 8-10 vir 2 periodes per week. Verder is die skool se voorportaal en saalvloere opgradeer. In 2021 is 'n bydrae is gemaak vir die aanstelling van addisionele onderwysers tydens die Covid-pandemie, om alle leerders elke dag vanaf 23 Maart 2021 te kon akkommodeer. Verder is 'n baie groot bydrae tot die installering van die solarstelsel gemaak. Daar word voortdurend gepoog om die terrein te verbeter deur sitplekbankies vir die leerders en asdromme aan te koop.

**Die suksesvolle aanbieding van so 'n fees het groot finansiële implikasies. Aangesien u nou reeds besig is met die begroting van 2026, word u vriendelik versoek om 'n fees borgskap te oorweeg. Ons het elke sent broodnodig om 'n fees van hoogstaande gehalte aan te bied.**

Hoërskool De Aar, asook die gemeenskap van De Aar, maak staat op u ondersteuning en u belegging in die jeug van ons dorp en Suid-Afrika.

Karoofees groete

Johan Koen
***Organiseerde*r**

Hoërskool De Aar High School
242, De Aar 7000 info@karoofees.org
www.karoofees.org 053 631 3691 / 3332 053 631 0964

KŸTO Karoofees

26-28 FEB '26

Die fees wat pomp

SIEN JOU DAAR OP DE AAR!

U kan deel word van die suksesverhaal deur 'n borgskap vir die Kÿto Karoofees 2025 te oorweeg. Ons het elke sent broodnodig om 'n suksesvolle fees van hoogstaande gehalte aan te bied, aangesien die aanbieding van 'n fees op hierdie skaal groot finansiële implikasies het. U kan u besigheid 'n Karoofeesglimlag gee en deel word van die Karoofeesfamilie. Kom fees saam met ons van 26 – 28 Feb 2026.

Die volgende pakkette is beskikbaar:

## Hoofborg/ Naamborg

- Besigheid se handelsmerk verskyn op alle promosiemateriaal en op Tuisblad van webtuiste
- Baniere en ander bemarkingsprodukte by die geborgde aktiwiteit
- 20 Toegangskaartjies
- 6 Midas Oggend kaartjies
- 15 Koskaartjies by HSDA-kosstal
- 15 Drankkaartjies vir kroeg
- 10 Uitnodigings na die Gala-aand
- 2 Uitnodigings na Dankie sê Funksie van skool
- Gratis stalletjie (Geen kos)

## Diamant: R30 000 +

- Besigheid se handelsmerk verskyn op alle promosiemateriaal en op Tuisblad van webtuiste
- Baniere en ander bemarkingsprodukte by die geborgde aktiwiteit
- 15 Toegangskaartjies
- 5 Midas Oggend kaartjies
- 10 Koskaartjies by HSDA-kosstal
- 10 Drankkaartjies vir kroeg
- 8 Uitnodigings na die Gala-aand
- 2 Uitnodigings na Dankie sê Funksie van skool
- Gratis stalletjie (Geen kos)

## Platinum: R20 000 +

- Besigheid se handelsmerk verskyn op alle promosiemateriaal
- Baniere en ander bemarkingsprodukte by die geborgde aktiwiteit
- 12 Toegangskaartjies
- 4 Midas Oggend kaartjies
- 7 Koskaartjies by HSDA-kosstal
- 7 Drankkaartjies vir kroeg
- 6 Uitnodigings na die Gala-aand
- Gratis stalletjie (Geen kos)
- 2 Uitnodigings na Dankie sê Funksie van skool.

## Goud: R15 000 +

- Besigheid se handelsmerk verskyn op alle promosiemateriaal
- Baniere en ander bemarkingsprodukte by die geborgde aktiwiteit
- 10 Toegangskaartjies
- 2 Midas Oggend kaartjies
- 5 Koskaartjies by HSDA-kosstal
- 5 Drankkaartjies vir kroeg
- 4 Uitnodigings na die Gala-aand
- Gratis stalletjie (Geen kos)
- 2 Uitnodigings na Dankie sê Funksie van skool.

## Silwer: R10 000 +

- Besigheid se handelsmerk verskyn op alle promosiemateriaal
- Baniere en ander bemarkingsprodukte by die geborgde aktiwiteit
- 8 Toegangskaartjies
- 1 Midas Oggend kaartjies
- 4 Koskaartjies by HSDA-kosstal
- 4 Drankkaartjies vir kroeg
- 2 Uitnodigings na die Gala-aand
- Gratis stalletjie (Geen kos)
- 2 Uitnodigings na Dankie sê Funksie van skool.

## Brons: R5 000 +

- Besigheid se handelsmerk verskyn op alle promosiemateriaal
- Baniere en ander bemarkingsprodukte by die geborgde aktiwiteit
- 5 Toegangskaartjies
- 2 Koskaartjies by HSDA-kosstal
- 2 Drankkaartjies vir kroeg
- 2 Uitnodigings na die Gala-aand

## Meriete: R2 000 +

- Besigheid se **naam** verskyn op alle promosiemateriaal
- 2 Toegangskaartjies
- Uitnodiging na die Gala-aand

## Donasie: R1 000 +

- Besigheid se **naam** verskyn op allepromosiemateriaal,
- Uitnodiging na die Gala-aand

KÿTO Karoofees 26-28 FEB '26 Die fees wat pomp

SIEN JOU DAAR OP DE AAR!

**Hiermee verklaar ek myself as mede-borg van die HSDA Ouertrust Kÿto Karoofees 2026.**

| | |
|---|---|
| **Kontakpersoon** | |
| **Hoedanigheid** | |
| **Naam van besigheid** | |
| **Naam wat geadverteer moet word** | |
| **Adres** | |
| **Telefoon nommer** | |
| **E-pos adres** | |

**U moet asseblief u advertensie/handelsmerk in kleur in elektroniese formaat aan die Feesorganiseerders voorsien indien die borgskap meer as R5000 beloop, soos u dit geplaas wil hê. Kontak asseblief die organiseerder vir enige ander bydrae wat u dalk kan maak.**

**NB!! Hierdie vorm, tesame met die borggeld en handelsmerk, moet asseblief die skool voor/op 31 Januarie 2026 bereik.**

**E-pos asb hierdie dokument en die inbetalingstrokie na: info@karoofees.org.**

**Bankbesonderhede:** Hoërskool De Aar Ouertrust
Standard Bank De Aar
04 165 6423
Takkode: 051001
Tjek (Lopende) Rek

**ONS GLO DAT U DEEL GAAN WEES VAN DIE SUKSESVERHAAL VAN DIE KÿTO KAROOFEES!**

**Indien die KÿTO Karoofees om een of ander onvoorsiene rede NIE KAN PLAASVIND NIE, sal die organiseerders met u in verbinding tree insake terugbetaling van u borgskap.**

**Voltooi asseblief aangehegte dokument indien die Karoofees gekanselleer moet word en u borgskap terugbetaal moet word:**

Naam van Rekeninghouer: ______________________________

Bank: ______________________________

Takkode: ______________________________

Rekeningnommer: ______________________________

Tak: ______________________________